

PROTEÏENLEKKE

VOERMOL EKONOLEK

Klas: Proteïen-, Mineraal- en Spoormineraalaanvulling vir Herkouers

VOERMOL EKONOLEK is 'n klaargemengde energiereike proteïenlek met 'n hoë fosforinhoud vir beeste, skape en bokke op droë weiding:

- is melassegebaseer, nie stowwerig nie en sal nie wegwaai nie;
- as 'n proteïenbron, sal dit eetlus stimuleer om sodoende beter gebruik te maak van onsmaklike droë weiding;
- sal help om massaverlies gedurende die droë seisoen te voorkom en sodoende sal dit bydra tot die verhoging van lam- en kalfpersentasies;
- kan aan beeste, skape en bokke in dieselfde kamp gevoer word.



SAMESTELLING VAN VOERMOL EKONOLEK

REG NR V11147 (Wet 36/1947) N-FF 0628

		(g/kg)			(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	240	Mangaan		120
Ureum	(maks)	68	Koper		30
Vog	(maks)	160	Kobalt		0.3
Ruvesel	(maks)	100	Yster		150
Kalsium	(min/maks)	20/36	Jodium		3
Fosfor	(min)	10	Sink		120
Magnesium	(min)	3	Selenium		0.3
Swael	(min)	9			
			Vitamien A (IE/kg)		12 750

*88.4 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES

Voermol Ekonolek is klaargemeng. Voer in lekbakke aan diere wat wei. Die lekinname sal beïnvloed word deur die kwaliteit en kwantiteit van die droë weiding en die kondisie van die diere asook die soutinhoud van die drinkwater en weiding. Geskik vir herkouer wild.

AANBEVOLE INNAME

(g/dier/dag)

Beeste: 630 – 800

Skape en bokke: 105 – 180



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnamte voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL